Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# DRAMATIESE KUNSTE MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.

## ALGEMENE OPMERKING VIR EKSAMINATORS/OPVOEDERS:

1. Kandidate moet na Dramatiese Kunste-teorie verwys en dit binne konteks plaas van die toneelstuk wat bestudeer is. Volpunte kan nie toegeken word tensy die kandidaat wys dat hy/sy die teorieë van die vak verstaan nie. Die antwoorde moet spesifiek tot drama as kunsdissipline spreek. Gebruik die Wat, Waar en Hoe met spesifieke voorbeelde uit die teks.

2. Die volgende voorgestelde antwoorde is gewoonlik ver bo die vlak wat moontlik is vir kandidate vir graad 11 en moet as stof vir ontwikkeling vir die merker gesien word.

## AFDELING A: TEATER VAN REALISME

### VRAAG 1: TEATER VAN REALISME

Die volgende is voorgestelde antwoorde. Die kandidate mag ander gesklike of voorbereide antwoorde verskaf. Die nasiener moet elke kandidaat se ervaring en antwoord oorweeg.

Sien die matriks en voorgestelde feite hieronder. Die kandidaat moet na die spesifieke teks wat bestudeer is verwys.

| KATEGORIE | PUNTE | BESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| Uitstaande prestasie | 26–30 | • Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.<br>• Vertoon ŉ uitstekende en hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot ŉ oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik ŉ verskeidenheid van oorspronklike en/of relevant dramatiese verwysings.<br>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit. |
| Verdienstelike prestasie | 21–25 | • Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.<br>• Vertoon ŉ hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik ŉ seleksie van relevante dramaverwysings.<br>• Toon insig, waarneming en kennis–goed uiteengesit. |
| Bevredigende prestasie | 19–20 | • Georganiseerd, omvattend, ŉ bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die opstel struktuur.<br>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigende, eenvoudige taalgebruik.<br>• Ondersteun deur ŉ keuse van relevante dramaverwysings.<br>• Toon ŉ goeie begrip van die tema, sommige logiese stellings. |
| Voldoende prestasie | 16–18 | • Struktuur nie altyd logies nie.<br>• Demonstreer ŉ basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf.<br>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.<br>• Nie altyd ŉ hoë vlak van insig nie en voel gememoriseerd, by tye verbeeldingloos. Nie ŉ hoë vlak van insig nie. |
| Middelmatige prestasie | 11–15 | • Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.<br>• Nie altyd genoeg inligting nie; swak taalgebruik moontlik ŉ bydraende faktor.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Elementêre prestasie | 7–10 | • Ongestruktureerd, beperkte woordeskat en min poging aangewend om die inligting op ŉ aanvaarbare manier aan te bied.<br>• Baie min inligting, deurmekaar aangebied, nie maklik om te volg nie, dikwels irrelevant.<br>• Kandidaat het nie die bevoegheid om sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde te motiveer nie. |
| Onvoldoende | 0–6 | • Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede.<br>• Irrelevant.<br>• Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat deur kandidaat gememoriseer is, maar geen begrip word getoon nie. |

**BEIDE** van die volgende aspekte moet behandel word in die bespreking van die opstel vir ŉ kandidaat om op die vlak van verdienstelik en hoër te presteer. (21 tot 30 punte):

**Die goedgestruktureerde drama '*well-made play*' – (Struktuur)**

- In die antwoord moet daar ŉ duidelike aanduiding wees dat die kandidaat die struktuur van ŉ '*well-made play*' verstaan en moet hy/sy kan aandui, deur na die teks te verwys, in hoe ŉ mate die gekose teks hierdie struktuur navolg of nie.

**Temas in die toneelstuk**

- Aanduidings rondom die tema in verhouding tot die struktuur wat verwys na eksposisie, motoriese moment, ontwikkeling, krisis, klimaks, denouement, ontknoping, ens.

Indien die kandidaat slegs **een** van die bogenoemde aspekte bespreek kan ŉ maksimum van 20 punte toegeken word.

**Die goedgestruktureerde drama ('*well-made play*')**

- ŉ Duidelike eksposisie of uiteensetting van die situasie, waar die gehoor ingelig word oor die situasie in die begin van die drama.
- ŉ Aanduiding ter voorbereiding van toekomstige gebeure. Hier sien ons die invloed van Comte se konsep van oorsaak en gevolg. Die gehoor moes glo dat alle handeling, binne die konteks van wat hulle alreeds weet van die karakters, ŉ logiese ontwikkeling.
- Onverwagte maar logiese ommeswaai in die karakters se omstandighede as ŉ noodsaaklike deel van die dramatiese struktuur. Die gehoor moes nog steeds die dramatiese gebeure as onverwags ervaar, maar dit moet gebeur as ŉ realistiese moontlikheid.
- Voortdurende en al hoe hewiger botsings.
- ŉ Noodsaaklike toneel waarin die goeie voordeel trek en die slegte gestraf word. Hierdie konvensie het die konserwatiewe gehore van die tyd tevrede gestel.
- ŉ Logiese afwikkeling of denouement. Hierdie was ŉ ontknoping van die handeling en ŉ afsluiting van enige uitstaande intriges in die toneelstuk.

**ADDISIONELE inligting waarna verwys kan word.**

**Sosiopolitieke kontekste:**
Bespreek die relatiewe sosiopolitieke konteks van ŉ veranderende samelewing volgens die stuk wat bestudeer is.

**1800's tot die vroeë 1900's:** Van betrekking op die pionier-dramaturge van realisme soos Ibsen, Shaw, Chekov ens.

- Victoriaanse samelewing het ŉ front van konserwatiewe moraliteit voorgehou.
- Daar is van vrouens verwag om aan aktiwiteite deel te neem wat gepas het by die fyner geslag – moederskap, welsynswerk, huishou vir hul mans, om tee te drink saam met ander vroue uit die opgevoede gemeenskap.
- Die valsheid van die 'ideale familie' was onderhou.
- Die harde werklikheid van die laer klasse was geïgnoreer deur die meeste mense.
- Die Industriële Revolusie het teen die laat 1700's posgevat in Engeland en Europa teen die 1800's bereik. Dit het gaandeweg ŉ landbou-samelewing tot ŉ geïndustrialiseerde samelewing omskep.
- Hierdie verandering het wydverspreide werkloosheid, misdaad en armoede tot gevolg gehad.
- Toeneming in prostitusie, kinderarbeid en georganiseerde misdaad.

- Europa het toenemend polities onderdrukkend geword.

**1950's: Realisme in 'n moderne konteks:** Van toepassing op die toneelstukke van die Nuwe Realisme. Dramaturge soos Tennessee Williams, Arthur Miller, John Osborn, ens. en dramaturge van moderne realisme soos PG du Plessis, Athol Fugard, David Mamet, Reza de Wet, Anthony Ackerman, Greig Coetzee ens.

- In die 1950's was daar 'n terugkeer van Realisme in teater wat toe die samelewing na die Tweede Wêreldoorlog weerspieël het.
- Mense was ontnugter en het gesukkel om die manier waarop godsdiens en wetenskap hulle in die steek gelaat het, te aanvaar.
- Protagoniste kan beskryf word as anti-helde – karakters wat die struwelinge van elke dag oorleef ten spyte van die feit dat hulle skynbaar onvoorbereid was om sulke probleme te hanteer en hulle blyk dikwels geïsoleerd te wees in hul penarie,
- Die toneelstukke van die Nuwe Realisme het dikwels onafgesluit geëindig. Hulle het idees ontleen uit die eksperimentele anti-Realisme bewegings soos Simbolisme en Ekspressionisme.
- Die toneel het die veranderende samelewings van die 20$^{ste}$-eeu uitgebeeld.
- Nuwe dramaturge het kontemporêre waardes en norme voorgestel.
- Teater vra van sy gehore om hul eie samelewing te konfronteer en hul eie lewens te kritiseer.
- Toneelstukke poog om te reflekteer oor die siel van die samelewing in al sy veranderende vorme.

<u>Comte</u>

- Filosofie van Positivisme: slegs wetenskap kan werklik die samelewing baat.
- Oorsaak en gevolg.
- Enige iets buite iemand se ervaring is irrelevant.

<u>Darwin</u>

- Oorsprong van die mens
- Mens se natuur of karakter word bepaal deur twee dinge – fisiese eienskappe waarmee hul gebore word (hul gene) en die sosiale omgewing waarin hulle bly.
- Mense se optrede word bepaal deur faktore buite hul beheer so hul kan nie werklik verantwoordelik gehou word vir hul dade nie.
- Twyfeling in die bestaan van God, wat gesien word as 'n onpersoonlike energie wat nie in ons lewens ingryp nie.
- Die idée van lewe na die dood word sterk aangeval.

<u>Nietzsche</u>

- Het geglo dat mense kontak met God verloor het en het wegbeweeg van tradisionele godsdienstige gelowe.
- As reaksie op hierdie veranderde verhouding met God het Nietzsche voorgehou, 'God is dood.'
- Hiermee het hy nie bedoel dat God nie meer bestaan nie, maar dat mense God nie meer sien as 'n sentrale persoonlike energie nie.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE TEATER (VERPLIGTE VRAAG)

2.1 EEN punt vir die volle korrekte titel van die toneelstuk en EEN punt vir die volle korrekte naam van die dramaturg. (2)

2.2 Kandidaat moet aandui dat hulle die term Agitprop-teater duidelik verstaan: ŉ politiese boodskap wat deur die toneelstuk oorgedra word en wat ten doel het om die gehoor te stimuleer (agitate) deur die boodskap te 'propageer' (2 Punte). ŉ Ten volle gemotiveerde antwoord deur verwysing na die teks: Volpunte. (5)

2.3 Kandidaat moet duidelik aandui dat hy/sy die opvoerruimte verstaan. Benaming vir die ruimte soos bv.:

- Westerse tipe ruimte: Proscenium-boog, Arena, Uitgeboude of '*Thrust*'-verhoog.

**OF**

- Tradisionele landelike Suid-Afrikaanse opvoerruimte: Teater-in-die-rondte.
  Kandidate se keuse kan aandui op:
- *Formal Theatre space*

**OF**

- Informele ruimte: Lokasieteater (Township Theatre)

(DRIE punte vir die keuse en beskrywing of skets en DRIE punte vir ŉ gemotiveerde rede.) Bepunt volgens die gekose toneelstuk. (6)

2.4 2.4.1 Die naam van een van die hoof (drie-dimensionele) karakters. (1)

2.4.2 Fisies (ouderdom, geslag, ras, voorkoms) (4)

2.4.3 Sosiaal (status binne die gemeenskap, ekonomiese status, werk, waardes, verhoudings) (4)

2.4.4 Psigologies (innerlike denke, emosies en intellek soos wat dit in die karakter se optrede en dialoog openbaar word. (4)

2.4.5 Morele waardes (die keuses wat die karakter maak as hy/sy homself/haarself in ŉ morele krisis bevind en watter waardes dit bloot stel. (4)

2.5 VIER PUNTE vir die beskrywing van die toepaslike historiese periode en kennis oor die konteks van die oorspronklike optrede. SES PUNTE as die kandidaat die historiese konteks kan verbind met die temas in die toneelstuk. Dit moet duidelik blyk dat die kandidaat verstaan hoe die historiese konteks die temas en inhoud beïnvloed vir volpunte. (10)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C:** Kontemporêre Pan-Afrika teater **OF**
Elizabethaanse Teater **OF**
Teater van die Verre-Ooste **OF**
Kontemporêre Amerikaanse Teater **OF**
Ekspressionistiese Teater
Beantwoord slegs die vraag oor die toneelstuk wat jy bestudeer het.

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE PAN-AFRIKA TEATER**

Beantwoord hierdie vraag as die kandidaat ʼn *Contemporary Pan-African Theatre* beantwoord het.

3.1 EEN punt vir die volle korrekte titel van die toneelstuk en EEN punt vir die volle korrekte naam van die dramaturg. (2)

3.2
- Dit is ʼn rituele en simboliese opvoering
- Dit is gemeenskaplik en publiek van aard
- Dit het ʼn musikale basis
- Daar is ʼn sterk tradisie van mondelingse vertelling
- Die dansvorme is kenmerkend, nie alleen ten opsigte van hul fisieke vorm nie, maar ook ten opsigte van hul funksie binne die totale opvoering (5)

3.3 Kandidate moet verwys na ten minste VYF van die volgende eienskappe/funksies van ritueel (5 punte) en dit telkens in verband bring met die toneelstuk wat hulle bespreek. (5 punte)

- Gevolge van die ritueel (bv. ʼn verandering van sosiale status)
- Verbinding met die afwesige ‘Ander Een’ (soos ʼn voorvader of god)
- Verwydering van tyd, gebruik simboliese tyd
- Bring die ‘Ander Een’ hier
- Akteur/danser besete, in ʼn beswyming
- Gehoor neem deel
- Gehoor glo
- Kritiek is verbode (heilige materiaal)
- Gemeenskaplike kreatiwiteit (10)

3.4 Bepunt volgens eie diskresie maar hou in gedagte dat die kandidaat kennis moet hê van Afrika-opvoerruimtes.

- Teater-in-die-rondte
- Ruimtes wat met ritueel verband hou
- Funksie van optrede
- Die gehoor word deur die plasing in die ruimte deel van die optrede
- Integrasie van Westerse en Afrika teaterruimte (10)

3.5 Bepunt volgens die gekose toneelstuk en gebruik die rubriek as hulpmiddel. Duidelike verwysing na **karakter, handeling** en **temas** noodsaaklik in die bespreking.

| KATEGORIE | PUNTE | BESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| Uitstaande prestasie | 9–10 | • Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur ŉ uitstekende en hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot ŉ oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik ŉ verskeidenheid van oorspronklike en/of relevant dramatiese verwysings.<br>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit. |
| Verdienstelike prestasie | 8 | • Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur ŉ hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik van relevante dramaverwysings.<br>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit. |
| Bevredigende prestasie | 6–7 | • Georganiseerd, omvattend, ŉ bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die essay struktuur.<br>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.<br>• Ondersteun deur ŉ keuse van relevante dramaverwysings.<br>• Toon ŉ goeie begrip van die tema, sommige stellings toon insig. |
| Voldoende prestasie | 5 | • Struktuur nie altyd logies nie.<br>• Demonstreer ŉ basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf.<br>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.<br>• Nie altyd ŉ hoë vlak van insig nie, voel gememoriseerd, by tye verbeeldingloos. Nie ŉ hoë vlak van insig nie. |
| Middelmatige prestasie | 4 | • Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.<br>• Nie altyd genoeg inligting nie, swak taalgebruik moontlik ŉ bydraende faktor.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie |
| Elementêre prestasie | 3 | • Ongestruktureerd, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op ŉ aanvaarbare manier aan te bied.<br>• Baie min inligting, deurmekaar aangebied, nie maklik om te volg nie, dikwels irrelevant.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Onvoldoende | 0–2 | • Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede.<br>• Irrelevant.<br>• Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat deur kandidaat gememoriseer is, maar geen begrip word getoon nie. |

(10)

3.6 Oop Vraag. Daar kan na die volgende verwys word:

- Universele aspekte
- Gemeenskaplike menswees
- Gedeelde ervarings
- Ooreenstemmende sosiopolitieke konteks (3)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 4: ELIZABETHAANSE TEATER

Kandidate beantwoord hierdie vraag oor die ELIZABETHAANSE teks.

4.1 EEN punt vir die volle korrekte titel van die toneelstuk en EEN punt vir die volle korrekte naam van die dramaturg. (2)

4.2 Gebruik eie diskresie vir bepunting. Daar kan verwys word na die volgende.

- Karakter uit hoër stand met karakterfout
- Onvermydelike tragiese uitloop (noodlot)
- Oorweldigende teenstand teen die karakter
- Natuurlike en onnatuurlike oorsake (3)

4.3 Skryf kort notas oor die eienskappe van die volgende genres in Elizabethaanse Teater.

4.3.1 Enige TWEE eienskappe oor Geskiedkundige toneelstukke:

- Geskiedkundige toneelstukke gee uitdrukking aan die nuutgevonde nasionalisme
- Elizabethane het geglo dat die geskiedenis identifiseerbare patrone volg wat die wil van God uitbeeld
- Dramaturge gebruik antieke geskiedenis om te vermy dat hulle gesensor word oor politieke uitlatings (2)

4.3.2 Enige DRIE eienskappe oor tragedies:

- Intensiewe emosies
- Held of heldin trotseer oorweldigende teenstand of teëspoed
- Die oorwinning van innerlike menslike krag
- Intense bron van morele bekommernis
- Geweld en bloedvergieting
- Gebruik van gruwel en bo-menslike gebeure
- Tema van wraak (3)

4.4 VIER punte vir die noem en beskryf van die humors (humours). VIER punte deur elke humor aan ŉ karakter uit die stuk te koppel **met motivering**.

- Swart gal (Black Bile) het melancholie en hartseer tot gevolg (verbind aan die element van grond) bv. Romeo in die openingstonele van *Romeo en Juliet*
- Speeksel (*Phlegm*) maak ŉ mens flegmaties, lui, stadig en letargies. (Verbind met die element van water) bv. Polonius
- Geel gal (Yellow bile) maak ŉ mens humeurig en kort van draad en ken (met die element van vuur verbind word) bv. *Macbeth*
- Bloed het tot gevolg dat mens vreesloos en braaf is (verbind aan die element van lug) bv. Juliet (8)

4.5 4.5.1

- ʼn Ronde (20-kantige) gebou met balkonne op drie verdiepings wat binnetoe kyk.
- Die adelstand en dames en here van die hoër klasse het in die balkonne gesit van waar hul kon afkyk na die verhoog.
- ʼn Opelug sentrale area met ʼn dak oor die verhoog
- Die drie-verdieping 'tiring house' (verkleëkamers, ens. ook met verskeie balkonne as agterverhoog)
- ʼn Kleiner area agter ʼn gordyn middel agterverhoog was genoem die studie (*study/discovery space*) vir intieme tonele.
- Die gepeupel of laer klasse het staanplek om die verhoog gehad.
- Die area bo-oor die verhoog was die hemel (*heavens*) genoem.
- Valdeure in die vloer was gebruik vir die verskyning van hekse en geeste.
- Twee deure agter het as ingang vir die akteurs gedien
- Orkesruimte op die boonste balkon
- Masjienkamer
- ʼn Vlag het aangedui dat ʼn opvoering aan die gang was.

Vir elke ruimte of aspek wat geteken of beskryf is word ʼn half punt toegeken. Vir elke korrekte benaming/terminologie word nog ʼn half punt toegeken. (10)

4.5.2 Oproerige lewendige plekke. Die gehore het hul opinies van die akteurs luid uitgespreek en het selfs vrugte na hulle gegooi en na hulle gesis. Tydens die vertoning het verkopers bier, neute en vrugte verkoop. Prostitute (genoem die lemoenfeekse '*orange wenches*') het besigheid met die here in die galerye gedoen. As die gehoor egter geboei was, met die toneelstuk, was daar doodse stilte. (2)

4.6 Merk volgens die gekose stuk en gebruik die volgende rubriek om jou te lei. Die kandidaat moet duidelik verwys na die **dialoog** en **simboliek** in die toneelstuk en hoe dit gebruik word om die **hooftema** uit te lig.

| KATEGORIE | PUNTE | BESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| Uitstaande prestasie | 9–10 | • Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur ŉ uitstekende en hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot ŉ oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik ŉ verskeidenheid van oorspronklike en/of relevant dramatiese verwysings.<br>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit. |
| Verdienstelike prestasie | 8 | • Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur ŉ hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik van relevante dramaverwysings.<br>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit. |
| Bevredigende prestasie | 6–7 | • Georganiseerd, omvattend, ŉ bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die essay struktuur.<br>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.<br>• Ondersteun deur ŉ keuse van relevante dramaverwysings.<br>• Toon ŉ goeie begrip van die tema, sommige stellings toon insig. |
| Voldoende prestasie | 5 | • Struktuur nie altyd logies nie.<br>• Demonstreer ŉ basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf.<br>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.<br>• Nie altyd ŉ hoë vlak van insig nie, voel gememoriseerd, by tye verbeeldingloos. Nie ŉ hoë vlak van insig nie |
| Middelmatige prestasie | 4 | • Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.<br>• Nie altyd genoeg inligting nie, swak taalgebruik moontlik ŉ bydraende faktor.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Elementêre prestasie | 3 | • Ongestruktureerd, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op ŉ aanvaarbare manier aan te bied.<br>• Baie min inligting, deurmekaar aangebied, nie maklik om te volg nie, dikwels irrelevant.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Onvoldoende | 0–2 | • Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede.<br>• Irrelevant.<br>• Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat deur kandidaat gememoriseer is, maar geen begrip word getoon nie. |

(10)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 5: TEATER VAN DIE VERRE-OOSTE

Beantwoord hierdie vraag indien jy ŉ toneelstuk van die *Teater van die Verre-Ooste* bestudeer het.

5.1 EEN punt vir die volle korrekte titel van die toneelstuk en EEN punt vir die volle korrekte naam van die dramaturg. (2)

5.2 Enige VYF relevante stellings:

- Die toneelstukke is gebaseer op emosie, en storie vertelling en nie op dramatiese handeling nie.
- ŉ Koor sing die akteur se reëls terwyl hy/sy dans en vertel die grootste gedeelte van die storie.
- Gewone dialoog word net gehoor tussen die dele van die twee bedryf stuk en dit is ŉ opsomming van die handeling.
- Die taal is poëties en gebaseer op die aristokratiese dialek/spraak van die 14$^{de}$ eeu.
- Die teks is kort, maar opvoerings kan vir ure aanhou – selfs ŉ hele dag lank.
- Toneelstukke gaan oor krygers, vroue, mal mense en geeste, demone, duiwels en ander bonatuurlike wesens. Ander toneelstukke gaan oor die lofsing van gode.
- Die toneelstukke op die program word verdeel deur kryogen – kort, komiese sketse wat verligting en balans bring tot die meer ernstige Nō. (5)

5.3 VIER punte vir die beskrywing van die karaktertipes en VIER punte vir die verwysing na die ooreenkoms/teenstelling met karakters uit die gekose teks:

- Manlike rolle (*sheng*) Strek van oud tot jonk en swak tot kragtig. Hulle kan staatsmanne, akademici, minnaars, krygers en ander heroïese tipes wees. Daar is rolle wat akrobaties is en ander te doen met vegkuns en nog ander slegs vir sang of dans.
- Vroulike rolle (*tan*) hierdie rolle word verdeel in ses tipes: lojale vrou of minnares, kokette, krygermaagde, jong ongetroude meisies, bose vrouens en ou vrouens. Hierdie rolle is oorspronklik almal deur aktrises gespeel. Aktrises is verban van die verhoog vanaf die laat 18$^{de}$-eeu tot hul terugkeer na die verhoog in 1911.
- Geverfde gesig rolle (*ching*): hierdie rolle word gekenmerk deur uitgebreide grimering op die gesig. Hulle sluit in gode en ander bo-natuurlike wesens, howelinge, krygers/soldate en rowers. Hulle basiese eienskap is dat hulle hul bo-natuurlike krag ten toon stel. Die rolle word verder verdeel in goeie en bose karakters asook karakters wat vegkuns doen of karakters wat gimnastieke/akrobatiese rolle vervul.
- Nar-rolle (*ch'ou*): hierdie is die mees realistiese karakters. Hulle praat in alledaagse taal en kan grappe maak of improviseer. Hulle kan bediendes, besigheidsmanne, tronkbewaarders, bitsige skoonma's of soldate wees. Hulle moet goed wees in mimiek en akrobatiese bewegings. (8)

5.4
- Daar is twee hoof dele van die Nō-verhoog: die brug – *hashigakari* en die hoof speelaria – *butai.*
- Altwee het ŉ dak oor.
- Die dak van die hoof speelarea word opgehou deur vier pilare, elk met sy eie naam en verbind aan ŉ spesifieke karakter.
- Die hoof-platform word verdeel in drie areas en elke deel word vir verskillende handeling gebruik.
- Die area tussen die vier pilare word vir die hoofhandeling gebruik.
- Die *wakiza,* verhooglinks van die hoof-verhoog word deur die koor gebruik.
- Die *atoza*, agter die agterverhoog-pilare is vir die orkes. (10)

5.5 Merk volgens die gekose stuk. Die kandidaat moet verwys na die gebruik van **tyd en ruimte** wat gewoonlik **nie realisties** uitgebeeld word nie. Die kandidaat moet ook aandui hoe die gebruik hiervan tot die betekenis en temas van die spesifieke stuk bydra.

| **KATEGORIE** | **PUNTE** | **BESKRYWERS (BEWYSE)** |
|---|---|---|
| Uitstaande prestasie | 13–15 | • Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur ŉ uitstekende en hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot ŉ oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik ŉ verskeidenheid van oorspronklike en/of relevant dramatiese verwysings.<br>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit. |
| Verdienstelike prestasie | 11–12 | • Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur ŉ hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik van relevante dramaverwysings.<br>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit. |
| Verdienstelike prestasie | 9–10 | • Georganiseerd, omvattend, ŉ bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die opstel struktuur.<br>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.<br>• Ondersteun deur ŉ keuse van relevante dramaverwysings.<br>• Toon ŉ goeie begrip van die tema, sommige stellings toon insig. |
| Voldoende prestasie | 7–8 | • Struktuur nie altyd logies nie.<br>• Demonstreer ŉ basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf.<br>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.<br>• Nie altyd ŉ hoë vlak van insig nie, voel gememoriseerd, by tye verbeeldingloos. Nie ŉ hoë vlak van insig nie |
| Middelmatige prestasie | 6 | • Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.<br>• Nie altyd genoeg inligting nie, swak taalgebruik moontlik ŉ bydraende faktor.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Elementêre prestasie | 0–3 | • Ongestruktureerd, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op ŉ aanvaarbare manier aan te bied.<br>• Baie min inligting, deurmekaar aangebied, nie maklik om te volg nie, dikwels irrelevant.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Onvoldoende | 4–5 | • Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede.<br>• Irrelevant.<br>• Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat deur kandidaat gememoriseer is, maar geen begrip word getoon nie. |

(15)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE AMERIKAANSE TEATER

Kandidate antwoord hierdie vraag oor die *Kontemporêre Amerikaanse Teater*-teks.

6.1 EEN punt vir die volle korrekte titel van die toneelstuk en EEN punt vir die volle korrekte naam van die dramaturg. (2)

6.2 EEN punt vir elke element van die Amerikaanse musiekblyspel:

- ŉ Ouverture – voor die gordyn oopgaan en bevat musikale momente uit die res van die musiekspel.
- ŉ Openings-item wat die atmosfeer vir die res van die spel daarstel.
- ŉ Hoof-aria – ŉ lied wat gesing word deur ŉ individu, gewoonlik ŉ beskrywing van persoonlike, innerlike gevoelens.
- ŉ Elfder-ure item (11 *o'clock number*) wat gewoonlik halfpad deur die Tweede bedryf geplaas word. Dit is enige tipe lied maar dit het ten doel om die gehoor te besiel vir die finale tonele.
- ŉ Finale wat die gehoor met ŉ kragtige laaste indruk laat. (5)

6.3 Die volgende is moontlike inligting wat gebruik kan word in die antwoord maar dit hang af van die presiese toneelstuk wat bestudeer is asook van die periode toe dit die eerste keer geskep en opgevoer is. Die volgende het verband met toneelstukke van die Nuwe Realisme (na 1950's):

- Terwyl die twee wêreldoorloë verwoesting in Europa gesaai het, het dit Amerika versterk.
- Amerikaanse tegnologie en ekonomie was goed ontwikkel as gevolg van die ontwikkeling van wapens, insluitend die atoombom.
- Hierdie groeitydperk vir Amerika se ekonomie het tot ŉ self-versadigde periode gelei waartydens Amerika selfversekerd gevoel het in sy posisie as die magtigste nasie op aarde.
- Die enigste dreigende gevaar het gekom van die Sowjetunie wat ŉ kommunistiese sisteem van staatsbeheer, bo ekonomie en samelewing voorgestaan het.
- Kapitalisme en vryemark-stelsel
- Tuis is vrouens aangemoedig om terug te keer na die kombuis na die oorlog en die ideaal was om die Amerikaanse Droom uit te leef:
- Om ŉ kernfamilie te hê, ŉ huis in ŉ mooi voorstad, ŉ kar in die motorhuis en al die nuutste huishoudelike toestelle.
- Konserwatiewe, regse waardes het oorheers.
- Televisie is uitgevind en het ŉ sterk gevaar vir die voortbestaan van teater ingehou. (10)

6.4 Merk volgens eie oordeel volgens die toneelstuk wat bestudeer is. Kandidaat moet duidelik verwys na die elemente van Teatrale Realisme (*Theatrical realism*) (Bewys van die psigologie van die karakters en die temas) in sy/haar ontwerp. Soek vir bewyse van die volgende aspekte:

- Stelontwerp
- Beligting
- Klank
- Karakterisering
- Konteks (10)

6.5 Merk volgens eie oordeel volgens die rubriek en die relevante toneelstuk. Kandidate moet duidelik verwys na die gebruik van '***Theatrical Realism***' **(Teatrale Realisme)** in die opstel.

| KATEGORIE | PUNTE | BESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| Uitstaande prestasie | 9–10 | • Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur 'n uitstekende en hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik 'n verskeidenheid van oorspronklike en/of relevant dramatiese verwysings.<br>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit. |
| Verdienstelike prestasie | 8 | • Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik van relevante dramaverwysings.<br>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit. |
| Bevredigende prestasie | 6–7 | • Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die essay struktuur.<br>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.<br>• Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings.<br>• Toon 'n goeie begrip van die tema, sommige stellings toon insig. |
| Voldoende prestasie | 5 | • Struktuur nie altyd logies nie.<br>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf.<br>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.<br>• Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, voel gememoriseerd, by tye verbeeldingloos. Nie 'n hoë vlak van insig nie. |
| Middelmatige prestasie | 4 | • Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.<br>• Nie altyd genoeg inligting nie, swak taalgebruik moontlik 'n bydraende faktor.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Elementêre prestasie | 3 | • Ongestruktureerd, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied.<br>• Baie min inligting, deurmekaar aangebied, nie maklik om te volg nie, dikwels irrelevant.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Onvoldoende | 0–2 | • Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede.<br>• Irrelevant.<br>• Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat deur kandidaat gememoriseer is, maar geen begrip word getoon nie. |

(10)

6.6 Oop Vraag. Daar kan na die volgende verwys word:

- Universele aspekte
- Gemeenskaplike menswees
- Gedeelde ervarings
- Ooreenstemmende sosiopolitieke konteks (3)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 7: EKSPRESSIONISTIESE TEATER

Kandidaat antwoord hierdie vraag volgens die *Ekpressionistiese teater*-teks.

7.1 EEN punt vir die volle korrekte titel van die toneelstuk en EEN punt vir die volle korrekte naam van die dramaturg. (2)

7.2
- Gevoel van onvergenoegdheid met outoriteit en materialisme wat met die oorlog geassosieer word.
- Die Ekspressionisme gebruik sarkasme en satire om die ewig-groeiende industrialisme en materialisme in die wêreld aan te val.
- Hulle het geglo daar bestaan nie so iets soos ŉ absolute waarheid nie.
- Fundamentele waarheid, het hul geglo, kan mens as innerlike krag binne menslikheid vind – die essensie daarvan, begeertes en visies – en
- eksterne realiteit moes hervorm word totdat dit in harmonie met hierdie innerlike eienskappe gebring kan word.
- Hulle het geglo dat daar onder die sosiale fasade ŉ uitgebreide maar verborge realiteit is wat bestaan uit geheime en onbewustelike begeertes, strewens, konflikte, frustrasies en hallusinasies.
- Hulle wou hierdie subjektiewe realiteit ondersoek. (5)

7.3 Gebruik die volgende as leiding en merk volgens die spesifieke gebruik van hierdie elemente in die gekose stuk:

7.3.1 Struktuur

- Episodiese struktuur wat slegs die hoofmomente van die handeling uitbeeld.
- Oordrywing en distorsie bo realistiese uitbeelding ten einde idees en gevoelens uit te lig.
- Fragmentariese reeks tonele om die chaotiese aard van die innerlike realiteit van die hoofkarakter uit te beeld. (7)

7.3.2 Karakters

- Naamloos, ŉ tipe 'alleman'
- Persoonlikheidlose tipes wat reflekteer word in name soos Heer in Swart, die Biljoenêr, ens.
- Hoofkarakter is die enigste komplekse karakter
- Handeling gebeur deur die oë van die protagoniste: die toneelstuk is sy/haar bewussyn. (8)

7.3.3 Temas

- Woede teenoor samelewing.
- ŉ Oproep vir een of ander redding.
- Rebelleer teen kapitalisme, materialisme en die meganisasie van die samelewing. (8)

7.4 Merk volgens kandidaat se eie idees (evaluasie) van die spesifieke toneelstuk wat bestudeer is. Kreatiewe voorstelle behoort krediet te kry. Moet beide aspekte bespreek (gebruik van aspekte in toneel EN impak op die gehoor).

| KATEGORIE | PUNTE | BESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| Uitstaande prestasie | 9–10 | • Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur 'n uitstekende en hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik 'n verskeidenheid van oorspronklike en/of relevant dramatiese verwysings.<br>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit. |
| Verdienstelike prestasie | 8 | • Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik van relevante dramaverwysings.<br>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit. |
| Bevredigende prestasie | 6–7 | • Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die opstel struktuur.<br>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.<br>• Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings.<br>• Toon 'n goeie begrip van die tema, sommige stellings toon insig. |
| Voldoende prestasie | 5 | • Struktuur nie altyd logies nie.<br>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf.<br>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.<br>• Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, voel gememoriseerd, by tye verbeeldingloos. Nie 'n hoë vlak van insig nie |
| Middelmatige prestasie | 4 | • Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.<br>• Nie altyd genoeg inligting nie, swak taalgebruik moontlik 'n bydraende faktor.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Elementêre prestasie | 3 | • Ongestruktureerd, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied.<br>• Baie min inligting, deurmekaar aangebied, nie maklik om te volg nie, dikwels irrelevant.<br>• Kandidaat motiveer nie sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde nie. |
| Onvoldoende | 0–2 | • Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede.<br>• Irrelevant.<br>• Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat deur kandidaat gememoriseer is, maar geen begrip word getoon nie. |

(10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

## VRAAG 8: TEATERGESKIEDENIS

8.1 8.1.1 Die drama-teks (script)

- Grotowski gebruik die teks om patrone te vind wat hy geglo het sou die universele betekenis vir gehore dra.
- Grotowski het daarin geglo om klassieke teater tekste te gebruik (soos Klassieke Griekse tekste of Middeleeuse tekste). Hy wou nie moderne tekste gebruik nie aangesien hy ouer tekste as meer suiwer beskou het in hul uitdrukking van universele betekenis.
- Groot dele van die teks is gesny en die oorblywende dele is herstruktureer met ʼn fokus op hierdie argetipes – hy het gesê dat die teks slegs as ʼn tema gesien moet word waarop die regisseur ʼn nuwe kunswerk bou wat die visuele teater word. (3)

8.1.2 Proscenium-boog teater – Hy het die gebruik van die proscenium heeltemal afgeskryf ten gunste van ʼn groot kamer (oop ruimte) wat verskuif kon word vir elke produksie. (2)

8.1.3 Rekwisiete (*Props*) – Slegs ʼn paar funksionele rekwisiete is gebruik en hulle kon herorganiseer geword het of gebruik word op verskillende maniere soos die handeling dit vereis. (2)

8.1.4 Grimering en kostuums – die akteurs was nie toegelaat om grimering te gebruik of kostuums te verander om ʼn ander karakter of verandering in een karakter te wys nie. (2)

8.2 Van essensiële belang vir Grotowski was om die regte gehoor-akteur verwantskap te vind vir elke produksie. Die dekorstelle was heeltemaal funksioneel, eerder as dekoratief, wat unieke verhoudings tussen die akteurs en die gehoor geskep het. Om hierdie rede is die ontwerper gesien as ʼn ‘argitek’. Grotowski het gewerk na ʼn integrasie van die akteurs en gehoor. Die ideale doel was om die gehoor en akteurs met hulself te konfronteer deur ʼn tipe godsdienstige ervaring. Die gehoorlid is gesien as iemand wat werklike spirituele strewes gehad het en iemand wat, deur konfrontasie met die opvoering, hom-/haarself wou analiseer.

Gee krediet vir die kandidaat se eie opinie oor of die akteur-gehoor verhouding moontlik is of nie. (5)

8.3 <u>Stap oefening</u>:
As ʼn opwarming loop jy ritmies terwyl jy jou hande en arms in die rondte swaai. Hardloop op jou tone sodat jou liggaam lig en soepel voel. Loop met jou bene gebuig, hande op jou heupe. Loop met jou bene gebuig terwyl jy jou enkels vashou. Loop met jou bene effens gebuig terwyl jy liggies aan die buitekant van jou voete raak. Loop met jou tone binnetoe gedraai. Loop op jou hake. Terwyl jy al hierdie verskillende stappe doen moet jy seker maak dat jou liggaam gewigloos en sonder enige onnodige spanning bly.

Opwarming van die ruggraat – die kat
Lê op jou maag, heeltemaal ontspanne. Jou bene uitmekaar en arms teen reghoeke met jou lyf, handpalms na onder. Word wakker (soos ŉ kat) deur jou hande in te trek na jou bors toe terwyl jou elmboë na boom toe wys. Lig jou heupe en loop met jou voete, op tone, na jou hande toe. Lig jou linkerbeen op na die kant toe en terselfde tyd lig jy jou kop op en strek jou nek. Sit jou linkerbeen weer op die grond neer. Herhaal aan die regterkant. Strek jou ruggraat uit.

Die kandidaat moet beskryf hoe, deur hierdie oefeninge te doen, dit hom/haar fisies kan uitdaag om die lyf meer uitdrukkingsvol te maak. Die kandidaat moet verwys na sy/haar eie fisieke teaterwerk en dalk enige probleme met spesifieke bewegings bespreek. Hulle kan sekere bewegings uit die oefeninge herlei na bewegings in hul eie werk. (6)

**TOTAAL AFDELING D: 20**

## AFDELING E: PRAKTIESE WERK EN REFLEKSIE

Beantwoord SLEGS EEN van die vrae in hierdie afdeling:

VRAAG 9: Stemwerk **OF** VRAAG 10: Lewendige Opvoering **OF** VRAAG 11: Rol van die regisseur **OF** VRAAG 12: Rol van die ontwerper

### VRAAG 9: STEMWERK

9.1 Kandidaat se eie kreatiewe opinie met motivering gebaseer op die teks en vertolkingsoorwegings. (2)

9.2 Moontlike antwoord:
Die eerste reël sal ek stadig doen om die diep oordenkende oorweging oor die dood as ŉ moontlike verlossing uit pyn te laat insink. Die ritme sal stadig bly tot by 'smart' in die vierde lyn om elke gedagte kans te gee om betekenis oor te dra: die begeerte om verlossing na 'gedroom'. Die pyn van die liefde met die einde van die vraag '… lem in my hart?' Vanaf die vyfde lyn moet die ritme geleidelik vinniger en vinniger beweeg tot by die woorde 'kom snel' in die laaste reël. Dit dui op die nader slepende onafwendbare einde wat die dood is suggereer en ook die spreker se angstigheid om tot verlossing uit die pyn te kom. (4)

9.3 Ten minste TWEE woorde uitgewys wat klem moet dra en goedgemotiveer deur die verstaan van die subteks. (TWEE punte vir motiverings) (4)

9.4 Kandidaat moet ten minste VIER interpretasie-tegnieke beskryf (toonhoogte en pouses) bv. TWEE variasies in toonhoogte en TWEE moontlike gepaste pouses vir dramatiese effek. Die kandidaat moet sy/haar keuses motiveer deur ŉ duidelike begrip van die subteks aan te dui. Merk volgens eie oordeel. (5)

9.5 Punte moet toegeken word vir die korrekte dramatiese kunste **terminologie** bv.:

- Stemontwikkeling: artikulasie, korrekte asemhaling, korrekte plasing, uitspraak, projeksie
- Bewegingsontwikkeling: Balans, beheer, stamina, ritme, karakterisering.
- Geloofwaardige uitdrukking: Stanislavski se idees.
- 

Duidelike praktiese motiverings oor hulle eie ontwikkeling. (5)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 10: LEWENDIGE TEATER (KEUSEVRAAG)

10.1 Beskryf die proses of metode wat jy as ŉ akteur kan gebruik om ŉ karakter vir die verhoog te skep. Jy kan na enige teaterpraktisyn verwys waarvan jy geleer het. Jy moet ook verwys na enige van jou eie ervaring as akteur in ŉ produksie of optrede vir assessering waaraan jy deelgeneem het

| KATEGORIE | PUNTE | BESKRYWER |
|---|---|---|
| Baie goed | 12–15 | Kandidaat beskryf duidelik ŉ toneelspeel-tegniek vanaf die eerste deurlees, repetisie-proses tot by die opvoering. Die kandidaat kan verwys na enige teaterpraktisyn wat hy/sy bestudeer het. Heel moontlik sal die kandidaat Stanislavski se metode in detail beskryf en verwys na die Handeling/beweging, Magiese 'as', gegewe omstandighede, verbeelding, super-objektief (Hoof-funksie of hoofdoel), sirkels van fokus, Lyn van handeling, emosionele geheue, tempo en ritme in beweging en die metode van fisiese aksies om ŉ karakter te skep. Duidelike verwysing na eie ervaring. |
| Goed | 9–11 | Kandidaat beskryf duidelik ŉ toneelspeel-tegniek vanaf die eerste deurlees, repetisie-proses tot by die opvoering. Die kandidaat kan verwys na enige teaterpraktisyn wat hy/sy bestudeer het. Heel moontlik sal die kandidaat Stanislavski se metode beskryf en verwys na die meeste aspekte van die proses: Handeling/beweging, Magiese 'as', gegewe omstandighede, verbeelding, super-objektief (Hoof-funksie of hoofdoel), sirkels van fokus, Lyn van handeling, emosionele geheue, tempo en ritme in beweging en die metode van fisiese aksies om ŉ karakter te skep. Kandidaat verwys na eie ervaring. |
| Gemiddeld | 7–8 | Kandidaat verstaan of beskryf die proses van karakterskepping nie volledig nie. Daar word sekere tegnieke/metodes genoem soos Stanislavski se metode maar ŉ logiese beskrywing is onvolledig. Die bespreking wys bewustheid van toneelspeltegniek maar sekere belangrike detail van die proses van skep/repetisie/ontwikkeling is weggelaat of vaag. Nie genoegsame verwysing na eie ervaring nie. |
| Swak | 0–6 | Kandidaat maak vae, algemene opmerkings oor toneelspeltegniek maar het nie genoegsame kennis oor die aanwend van die tegniek en proses van repetisie nie. Min of geen verwysing na eie ervaring. Onvoldoende, algemene opmerkings. |

(15)

10.2 Punte moet toegeken word vir die **korrekte dramatiese kunste terminologie** bv.:

- Stemontwikkeling: artikulasie, korrekte asemhaling, korrekte plasing, uitspraak en projeksie
- Bewegingsontwikkeling: Balans, beheer, stamina, ritme en karakterisering.
- Geloofwaardige uitdrukking: Stanislavski se idees

Duidelike praktiese motiverings oor hulle eie ontwikkeling. Merkers gebruik eie diskresie in toepassing van die punte maar geen punte word toegeken vir onduidelike of vae stellings nie. (5)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 11: DIE ROL VAN DIE REGISSEUR (KEUSEVRAAG)

11.1 Merk volgens die proses of metode wat jy gaan gebruik om een van die toneelstukke wat jy die jaar bestudeer het, te regisseer. Die kandidaat moet verwys na ‘n toneelstuk of ‘n film in die hele proses van beplanning en voorbereiding, asook die repetisieproses met die regie van hierdie toneelstuk/film.

| KATEGORIE | PUNTE | BESKRYWER |
|---|---|---|
| Baie goed | 12–15 | Kandidaat beskryf die proses van regie baie duidelik vanaf die kies van ŉ teks, uitvind oor regte, beplanning van ŉ begroting, ruimte, oudisies, rolverdeling, repetisies, tegniese repetisies en optrede. Kandidaat beskryf duidelik dat die regisseur die algemene visionêr van die styl van die produksie is en wys ŉ bewustheid van en beskryf die regisseur se insette in alle aspekte van die produksie insluitend: akteuropleiding (om betekenis te kry, ontwikkeling van karakters), om die bou te skep – deur die toneelstuk visueel en ouditories te bou en vorm, die insluit van tegniese aspekte soos klank, beligting en stel en kostuumontwerp. Die kandidaat beskryf die proses deur te verwys na ŉ spesifieke toneelstuk.<br>As die kandidaat die proses beskryf ten opsigte van ŉ filmproduksie moet hy/sy ŉ duidelike bewustheid wys van die verskillende fases van filmproduksie: voor-produksie (teksversorging, rolverdeling, omgewing/plasingsbesluite), produksie (repetisie en verfilming) en na-produksie (redigering). Die kandidaat moet die rol van die regisseur van film duidelik insien as van hoofbelang deur die gebruik van tegniese elemente om die storie te vertel. Tipes skote (‘Storyboarding’ en die gebruik van ŉ skote-teks), saamwerk met ŉ tegniese kamera, beligting en klank span asook met die akteurs op stel. En die finale saamwerk met ŉ redigeerder om die finale produk saam te stel. |
| Goed | 9–11 | Kandidaat beskryf meeste van die aspekte oor die proses van regie vanaf die kies van ŉ teks, uitvind oor regte, beplanning van ŉ begroting, ruimte, oudisies, rolverdeling, repetisies, tegniese repetisies en optrede. Kandidaat is bewus van die regisseur se betrokkenheid by alle aspekte van die produksie maar beskryf nie duidelik ŉ bewustheid van die kreatiewe mag van die regisseur nie. |
| Gemiddeld | 7–8 | Die kandidaat bespreek meeste van die volgende aspekte: akteuropleiding (om betekenis te kry, ontwikkeling van karakters), om die bou te skep – deur die toneelstuk visueel en ouditories te bou en vorm, die insluit van tegniese aspekte soos klank, beligting en stel en kostuumontwerp. Die kandidaat beskryf die proses deur te verwys na ŉ spesifieke toneelstuk. As die kandidaat die proses beskryf ten opsigte van ŉ filmproduksie moet hy/sy ŉ duidelike bewustheid wys van die verskillende fases van filmproduksie: voor-produksie (teksversorging, rolverdeling, omgewing/plasingsbesluite), produksie (repetisie en verfilming) en na-produksie (redigering). Die kandidaat beskryf die rol van die regisseur in film as belangrik in alle aspekte maar wys nie ŉ duidelike bewustheid van die belangrikheid van tegniese elemente as deel van die regisseur se gereedskap om ŉ storie in hierdie medium te vertel nie. Meeste van die volgende aspekte word genoem: Tipes skote (‘Storyboarding’ en die gebruik van ŉ skote-teks), saamwerk met ŉ tegniese kamera, beligting en klank span **asook met die akteurs op stel**. En die finale saamwerk met ŉ redigeerder om die finale produk saam te stel. |
| Swak | 0–6 | Kandidaat verstaan nie die proses van regie ten volle nie. Die mees belangrike aspekte word beskryf oor seleksie en repetisie maar is dikwels vaag in ŉ beskrywing van die gedetaileerde werk van ŉ regisseur in alle aspekte van die produksie. Daar word soms verwys na die spesifieke toneelstuk. |

(15)

11.2 Punte moet toegeken word vir die **korrekte dramatiese kunste terminologie** bv.:

- Stemontwikkeling: artikulasie, korrekte asemhaling, korrekte plasing, uitspraak en projeksie.
- Bewegingsontwikkeling: Balans, beheer, stamina, ritme en karakterisering.
- Geloofwaardige uitdrukking: Stanislavski se idees.

Duidelike praktiese motiverings oor hulle eie ontwikkeling.

Merkers gebruik eie diskresie in toepassing van die punte maar geen punte word toegeken vir onduidelike of vae stellings nie. (5)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 12: DIE ROL VAN DIE ONTWERPER (KEUSEVRAAG)

12.1 Verbeel jou jy is die ontwerper van een van die toneelstukke wat jy hierdie jaar bestudeer het. Doen ŉ volledige en gedetailleerde ontwerp (vloerplan) vir die produksie. Jou ontwerp kan vir ŉ ateljeestel vir ŉ film of ŉ stel vir ŉ verhoogproduksie wees. Skryf kort notas en byskrifte om jou keuses te Motiveer en jou ontwerp duidelik te ondersteun. (15)

| **KATEGORIE** | **PUNTE** | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| Baie goed | 12–15 | ŉ Duidelike funksionele ontwerp wat by die styl van die produksie pas en die posisie van die gehoor wys. Die ontwerp wys dat meeste van die volgende aspekte ten opsigte van die toneelstuk oorweeg is: omgewing of plasing, atmosfeer, temas van die toneelstuk en die tipe karakters. Meeste detail van die dekor word duidelik gewys en benoem. Kandidaat gebruik komposisionele elemente tot ŉ groot mate en ook vlakke (rostra, stoele, trappe ens.) maar nie altyd die beste plasingskeuses vir estetiese en opvoeringsredes nie. ŉ Bewustheid van die kameraplasing is duidelik in ŉ stelontwerp vir ŉ ontwerp van ŉ filmstel. Sommige motiverings word gegee vir die keuses in die ontwerp. |
| Goed | 9–11 | ŉ Duidelike funksionele ontwerp wat by die styl van die produksie pas en die posisie van die gehoor wys. Die ontwerp wys dat meeste van die volgende aspekte ten opsigte van die toneelstuk oorweeg is: omgewing of plasing, atmosfeer, temas van die toneelstuk en die tipe karakters. Meeste detail van die dekor word duidelik gewys en benoem. Kandidaat gebruik komposisionele elemente tot ŉ groot mate en ook vlakke (rostra, stoele, trappe ens.) maar nie altyd die beste plasingskeuses vir estetiese en opvoeringsredes nie.<br>ŉ Bewustheid van die kameraplasing is duidelik in ŉ stelontwerp vir ŉ ontwerp van ŉ filmstel. Sommige motiverings word gegee vir die keuses in die ontwerp. |

| | | |
|---|---|---|
| Middelmatig | 7–8 | ŉ Baie middelmatige ontwerp wat nie duidelik die produksiestyl wys nie maar amper net funksioneel voorkom. Die ontwerp wys egter duidelik die verhouding met die gehoor. Die ontwerp wys dat **sommige** van die volgende oor die toneelstuk oorweeg is: omgewing of plasing, atmosfeer, temas in die toneelstuk en die tipe karakters. Meeste detail van die stel word duidelik gewys en benoem. Kandidaat is bewus van visuele komposisie op die verhoog en gebruik vlakke maar die ontwerp is gewoon sonder veel innovering en/of kreatiwiteit.<br>Die kandidaat is vaagweg bewus van ŉ verskil vir ontwerp vir ŉ filmstel of dui nie duidelik aan waarvoor daar ontwerpe is nie. Onvoldoende motivering vir keuses verskaf. |
| Swak | 0–6 | ŉ Swak of oninteressante ontwerp wat nie duidelik is oor die plasing van dekorstukke en wat min of geen oorweging wys oor die styl van die produksie nie. Ook min of geen oorweging is geskenk aan die atmosfeer of temas in die toneelstuk nie. Die ontwerp is moeilik om te verstaan en het nie genoegsame verduidelikings nie. |

(15)

12.2 Punte moet toegeken word vir die **korrekte dramatiese kunste terminologie** bv.:

- Stemontwikkeling: artikulasie, korrekte asemhaling, korrekte plasing, uitspraak en projeksie
- Bewegingsontwikkeling: Balans, beheer, stamina, ritme en karakterisering.
- Geloofwaardige uitdrukking: Stanislavski se idees.

Duidelike praktiese motiverings oor hulle eie ontwikkeling.
Merkers gebruik eie diskresie in toepassing van die punte maar geen punte word toegeken vir onduidelike of vae stellings nie. (5)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING E: 20**
**GROOTTOTAAL: 150**